

## WEEK 2 – HERLEWING, 2 KRONIEKE 7: 13-15.

### 2 Kronieke 7:13-15.

13 **As (wanneer)** Ek die hemel toesluit, dat daar geen reën is nie, of **as (wanneer)** Ek die sprinkaan beveel om die land af te eet, of **as (wanneer)** Ek pes onder my volk stuur, 14 **en (indien)** my volk, oor wie my Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en my aangesig soek en hulle bekeer van hul verkeerde weë, **dan (daarna) sal Ek (verseker)** uit die hemel hoor en hulle sonde vergewe en hulle land genees. 15 Nou sal my oë oop wees en my ore luister na die gebed van hierdie plek.

### Inleidend:

Julle sal onthou uit die eerste les dat ons vir mekaar gesê het 2 Kron. 7 13-15 bevat 'n "resep" vir herstel en herlewing vir ons land. Lees weer bostaande teks en let op die woorde in bold en tussen hakkies, ek glo dit gee vir ons die inhoud van God se resep.

**As (wanneer)** .....**en (indien)** .....**dan (daarna)**.....**sal Ek (verseker)** hoor en hulle land genees.

Anders gestel – **As (wanneer)** die Here sy seën van 'n land onttrek .....**en (indien)** Sy kinders (die Christene) op 'n sekere manier reageer .....**dan (nadat dit gebeur het)** sal God Sy kinders hoor, hulle sonde vergewe en ons land genees.

Ons spandeer die volgende paar lesse om hierdie hemelse resep bietjie dieper te ondersoek.

### Les 2: As (wanneer) --- en (indien)

#### As (wanneer):

Les een het grootliks gedeel met die eerste deel van ons Hemelse resep - As (indien) die Here Sy seën van 'n volk onttrek. Ons het geleer dat die Here Sy seën onttrek vir bepaalde redes, maar dat dit altyd op die einde 'n liefdes handeling is waar Hy 'n dieper, meer intieme verhouding met Sy kinders verlang. Swaarkry en pyn is (ongelukkig) een van die vernaamste metodes wat die Here gebruik om ons nader aan Hom toe te trek (vgl. Hebr. 12 vs 5-12)

#### Hierdie week – en (indien)

Die as (wanneer) praat van 'n situasie wat ontstaan het in ons land. Die en (indien) praat van die gelowiges se reaksie op daardie situasie.

Ons hoef nie te wonder of die as (wanneer) deel reeds gebeur het of nie – dis baie duidelik dat die Here reeds sy seën van Suid-Afrika onttrek het – dis tog waaroor die hele Tipping point inisiatief gaan. Ons fokus dus nou ons aandag op die Christene se reaksie op die situasie – die en (indien) deel

Indien die Here sy seën van 'n volk onttrek, is dit eerstens duidelik dat Hy besig is om te gesels met sy eie kinders (die Christene), ons lees dit in vers 14: **As My volk, oor wie My naam uitgeroep is:** God se naam is oor Sy kinders (Christene) uitgeroep. (In Bybelse tye, indien 'n stad deur 'n koning, bv. Dawid, ingeneem is, stap die leer deur die stad terwyl die naam "Dawid" voortdurend uitgeroep word. Dawid se naam word oor die stad uitgeroep – die stad word Dawid se eiendom.) Net so is Christene God se eiendom (duur gekoop deur Jesus bloed!)

Swaarkry en moeilike omstandighede is dus God se "wake up call" aan Sy kinders. Kom ons stel dit prakties:

- Suid-Afrikaanse Christen – God het Sy seën van Suid Afrika onttrek omdat Hy 'n afspraak met jou het – Hy verlang van jou om 4 dinge te doen (ons kom later daarby)

- Christen – is jy deel van die onderwys beroep – God bring swaar tye om jou aandag te kry – hy verlang dat jy begin met die as (indien) deel van die resepsie.
- Christen – is jy deel van die polisie of veiligheid magte – God praat met jou – begin intree vir ons polisiemag en veiligheid dienste (ons help soveel ons kan)
- Christen – Is jy in die gesondheid beroep – God roep jou om te begin intree vir gesondheid in al sy fasette in ons land.
- Christen – is jy in die regs beroep. Dit gaan swaar – God roep jou, oor wie Sy naam uitgeroep is, om te begin met die en (indien) deel van Sy resepsie.
- Christen – is jy in die landbou – God het ’n afspraak met jou – begin (of hou aan, al hoe meer) om te bid vir jou plaas, jou werkers, jou mede boere – ons probeer graag wys hoe om te werk te gaan.

Ons kry almal die punt – God het Sy seën van elke bedryf in ons land onttrek – en Hy wag vir ons (die Christene) se reaksie daarop.

#### **Watter reaksie verwag die Here – 4 dinge:**

En (indien) My volk, oor wie my naam uitgeroep is (Christene)

1: *hulle verootmoedig*

2: *en bid*

3: *en my aangesig soek*

4: *en hulle bekeer van hul verkeerde weë,*

***Dan sal Ek uit die hemel hoor en hulle sonde vergewe en hulle land genees.***

Die Here verlang 4 aksies van Sy kinders, alvorens Hy sal hoor en hulle land genees.

Ontstellend om te lees is dat die Here dit duidelik stel – Hy sal eerstens ons sondes vergewe en dan (daarna) ons land genees. Wie se sondes – Die Christene s’n!

Dis verseker nie iets wat ek (of enige Christen) wil hoor maar dit staan geskrywe deur ’n

God wat nie kan lieg nie. (Titus 1:2) Die struikelblok wat verwyder moet word, is die

Christene in Suid Afrika se sondes. (Vgl. ook Jesaja 59: 1-21, Jeremia 3:12-16)

Met God se genade begin ons volgende keer kyk na die 4 dinge wat die Here van elke Christen vra.

#### **Opsommend.**

Die Here kan nie buite Sy eie Woord om werk nie – Dit wat daar geskrywe staan is vas tot in alle eeue. Daar is net een manier om ’n slegte situasie om te draai – God se kinders moet opstaan, begin bid, God se aangesig soek, hulle verootmoedig en draai van hulle bose weë.

Met die Here se hulp is dit presies wat ons van plan is om te doen by Tipping point. Ons begin DV volgende keer gesels oor die 4 aspekte van restitusie met God en ons medemens.

#### **Gebed:**

*“Here, dankie dat U nog nie klaar is met Suid-Afrika en al sy volkere nie. Dankie, dat U ons nog ’n kans gee. Help ons (U kinders) om gehoorsaam te wees aan U opdragte uit U woord, wetend dat U sal hoor, ons sondes vergewe en ons land genees. Amen.”*

Seënwense, MPG gebed span.